**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

20c | Saterdag 31 Mei 1980 | WINDHOEK | Saturday 31 May 1980 | No. 4166

## Goewermentskennisgewing

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

A. F. van R. MOUTON
*Waarnemende Sekretaris: Suidwes-Afrika*

Administrasie van Suidwes-Afrika
Windhoek

---

No. 118 — 31 Mei 1980

ORDONNANSIE, 1980: UITVAARDIGING VAN

Die Administrateur-generaal het, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika, 1968 (Wet 39 van 1968), tot die volgende Ordonnansie toegestem wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word ingevolge artikel 29 van genoemde Wet:-

No. 16 van 1980 Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring, 1980

## Government Notice

The following Government Notice is published for general information.

A. F. van R. MOUTON
*Acting Secretary: South West Africa*

Administration of South West Africa
Windhoek.

---

No. 118 — 31 May 1980

ORDINANCE, 1980: PROMULGATION OF

The Administrator-General has assented, in terms of section 27 of the South-West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968), to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:-

No. 16 of 1980 Nature Conservation Amendment Ordinance, 1980

**Ordonnansie No. 16 van 1980**

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1980**

*(Goedgekeur 27 Mei 1980)*
*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken)*
*(Datum van inwerkingtreding 31 Mei 1980)*

# ORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975, betreffende kontrakte vir die verhuring van jagregte; die verlening van permitte vir die jag van wild ter wille van trofeë; die kwes van wild tydens 'n jag ter wille van trofeë; die uitreiking van lisensies vir die vervaardiging van artikels uit trofeë en vir die verkoop van trofeë en verwerkte trofeë; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 35 van Ordonnansie 4 van 1975.

1. Artikel 35 van die Ordonnansie op Natuurbewaring, 1975 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Enige kontrak waarkragtens die reg om jagbare wild, jagbare wildvoëls of uitheemse wild te jag, verhuur word, moet -

(a) 'n skriftelike kontrak wees;

(b) vir 'n tydperk van minstens ses maande aangegaan word; en

(c) uitdruklik aandui of sodanige reg betrekking het op jagbare wild, jagbare wildvoëls, uitheemse wild, of twee of meer daarvan.".

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 4 van 1975.

2. Artikel 36 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig -

(a) deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

" (1) (a) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie Ordonnansie vervat, kan die Uitvoerende Komitee enigiemand vanuit enige land of gebied, toelaat om kragtens 'n permit verleen deur die Uitvoerende Komitee die soort of soorte wild, en die hoeveelheid (maar hoogstens twee) van elke

# NATURE CONSERVATION AMENDMENT ORDINANCE, 1980

**Ordinance No. 16 of 1980**

*(Assented to 27 May 1980)*
*(Afrikaans text signed by the Administrator-General)*
*(Date of commencement 31 May 1980)*

# ORDINANCE

To amend the Nature Conservation Ordinance, 1975, in regard to contracts for the lease of hunting rights; the granting of permits for the hunting of game for the sake of trophies; the wounding of game during a hunt for the sake of trophies; the issue of licences for the manufacture of articles from trophies, and for the sale of trophies and adapted trophies; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, as follows:-

Amendment of section 35 of Ordinance 4 of 1975.

1. Section 35 of the Nature Conservation Ordinance, 1975 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Any contract in terms of which the right to hunt huntable game, huntable game birds or exotic game is leased, shall -

(a) be a written contract;

(b) be entered into for a period of at least six months; and

(c) indicate explicitly whether such right refers to huntable game, huntable game birds, exotic game, or two or more thereof.".

Amendment of section 36 of Ordinance 4 of 1975.

2. Section 36 of the principal Ordinance is hereby amended –

(a) by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

" (1) (a) Notwithstanding anything to the contrary in this Ordinance contained, the Executive Committee may allow any person from any country or territory under a permit granted by the Executive Committee to hunt the species of game, and the number (but not exceeding two) of each such species deter-

**WYSIGINGSORDONNANSIE OP NATUURBEWARING, 1980**

sodanige soort, wat deur die Uitvoerende Komitee bepaal en in sodanige permit vermeld word, ter wille van trofeë in die Gebied te jag: Met dien verstande dat sodanige permit slegs tydens die jagseisoen aan persone vanuit die Gebied of die Republiek van Suid-Afrika verleen word.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) word enige wild waarop geskiet is kragtens 'n permit verleen ingevolge daardie paragraaf en wat gekwes is toe aldus daarop geskiet is, in alle opsigte geag kragtens sodanige permit gejag te wees.";

(b) deur die volgende subartikel na subartikel (2) in te voeg:

" (2A) (a) Niemand mag enige artikels in die geheel of gedeeltelik uit 'n trofee of trofeë vervaardig met die doel om dit te verkoop nie tensy hy as 'n vervaardiger van artikels uit trofeë ingevolge hierdie artikel gelisensieer is.

(b) Niemand mag enige trofeë of verwerkte trofeë verkoop, te koop aanbied of vir die doel van verkoop uitstal nie tensy hy as 'n verkoper van trofeë en verwerkte trofeë ingevolge hierdie artikel gelisensieer is.

(c) Die lisensies in paragrawe (a) en (b) beoog word deur die Uitvoerende Komitee uitgereik in die voorgeskrewe vorm en teen betaling van die voorgeskrewe gelde.

(d) Die lisensies wat kragtens hierdie subartikel vereis word, kom nie in die plek van nie maar is aanvullend by enige ander permit, lisensie, registrasie, goedkeuring, toestemming of vrystelling wat by wet vereis word."; en

(c) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

" (5) Iemand wat 'n bepaling van hierdie artikel of enige voorwaarde, vereiste of beperking van 'n permit, lisensie of toestemming ingevolge hierdie artikel verleen, oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig.".

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Natuurbewaring, 1980.

mined by the Executive Committee and mentioned in such permit, in the Territory for the sake of trophies: Provided that such permit shall be granted to persons from the Territory or the Republic of South Africa only during the hunting season.

(b) For the purposes of paragraph (a) any game that has been shot at by virtue of a permit granted under that paragraph, and that was wounded when thus being shot at, shall in all respects be regarded as having been hunted by virtue of such permit.";

(b) by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

" (2A) (a) No person shall manufacture any articles either wholly or partially from a trophy or trophies for the purpose of sale unless he is licensed under this section as a manufacturer of articles from trophies.

(b) No person shall sell, offer for sale or display for the purpose of sale any trophies or adapted trophies unless he is licensed under this section as a seller of trophies and adapted trophies.

(c) The licences contemplated in paragraphs (a) and (b) shall be issued by the Executive Committee in the prescribed form and against payment of the prescribed fees.

(d) The licences required under this subsection shall not be in lieu of but supplementary to any other permit, licence, registration, approval, permission or exemption required by law."; and

(c) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) Any person who contravenes or fails to comply with any provision of this section or any condition, requirement or restriction of a permit, licence or permission granted in terms of this section, shall be guilty of an offence.".

3. This Ordinance shall be called the Nature Conservation Amendment Ordinance, 1980. Short title.